Ek kyk op na jou, my kind
vir wie avontuur deel
van jou bestaansmassa vorm.
Jy het stories in jou are
wat brand om vertel te word
en jy loop rond met ’n passie
wat meeste mense hul lewens lank na soek.
Daar is geen uitdaging groot genoeg
vir jou om nie kop eerste
in te spring en te hanteer nie.
Jou hart en omgee strek tot
die uithoeke van die wêreld
waar jy ook mense waardeer
vir wie en waar hulle is.
Mag jou woorde nooit opraak nie
en seën jou altyd volg
waarookal die stories jou lei.

- Kaalwoorde

afrikaans.com